

**3 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 21:25-38**

### **Wag op die Here se koms!**

Dit is nou twintig eeue later. Kom Hy dan nog? Ons hoor beslis steeds God se voetstappe wat kom: Oorloë en spanning tussen die nasies, aardbewings, vloedgolwe en hongersnood is alles tekens daarvan. Deesdae is daar selfs ook angs en kommer oor die son, die maan en sterre en hemelkragte.

Hoe staan jy in afwagting op die Seun? Is jy ook maar moeg gewag en afgestomp? Dit is tog menslik... Dink net watter krag in jou lewe sou loskom as jy Hom vandág verwag het! Hoe sou jy jou werk doen? Sou dit vir jou goed genoeg wees om eers tot die vakansie te wag voor jy weer aandag aan jou huwelik gee? Kan jy nog wag om die onreg teenoor jou buurman reg te stel? En wat van jou kollega by die werk wat verlore sal gaan omdat Hy nog nie die Here ken nie?

Die gevaar bestaan dat ons onself troos dat die Here nie so gou sal kom nie. Die gevaar bestaan dat ons nie meer op hierdie vaste punt in die toekoms sal hoop nie. Daarom waarsku ons Here: *"Wees op julle hoede dat julle gees nie deur onmatige etery en drinkery en deur die sorg van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds soos 'n vangnet oorval nie. Daardie dag sal skielik op al die bewoners van die hele aarde neerkom"* (verse 34 en 35).

Sing: Skrifberyming 43:5

Ds PA Odendaal (Evander)